LIBERTY
Own your life

# Neem beheer van diabetes

Liberty maak omvattende dekking bekend vir diabetes-lyers

## Diabetes is 'n groeiende probleem

Wêreldwyd neem die probleem van suikersiekte/diabetes toe, met die verwagting dat die aantal mense wat daaraan ly, volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) van die huidige getal van 177 miljoen teen 2030 sal toeneem tot 370 miljoen.

In Suid-Afrika het 'n geraamde 6.5 miljoen mense diabetes, met die hoogste konsentrasie gevalle in stedelike gebiede, waar tot 6% van die bevolking aan 'n vorm van die siekte ly. Die kwesbaarste groep is op die oomblik swart stedelike gemeenskappe wie se lewenstyle besig is om vinnig te verander, asook persone van Indiese herkoms met 'n gene-poel wat hulle besonder vatbaar vir die siekte maak.

## Lewens-, ongeskiktheids- en siektedekking vir suikersiektelyers

Tot nou kon diabete nie omvattende risikobeskerming uitneem nie. Voorheen was die lewensdekking wat vir diabete beskikbaar was, baie duurder as gewone dekking vanweë hoë sterfte- en ongeskiktheidsyfers onder suikersiektelyers. Die waarheid is egter dat, hoewel dit nie geneesbaar is nie, kan diabetes wel beheer word deur middel van 'n gesonde dieet, voldoende oefening en die regte medikasie, sowel as gesonde gewigsbestuur.

Danksy mediese vooruitgang in die behandelingspatroon en die vroeë opsporing van diabetes, kan Liberty nou omvattende risikobeskerming bied aan mense wat hul diabetes doeltreffend bestuur.

Vir die eerste keer sal kliënte hulself deur middel van ons reeks produkte, wat onder meer die Absolute Beskermer, Kapitale Ongeskiktheid, Aantasting en Lewende Leefstyl insluit, teen ander sleutelrisiko's kan beskerm wat in die lewe voorkom

## Skakel ons vir meer inligting

Vir meer inligting oor hierdie dekking, praat asseblief met jou Liberty Welvaart-adviseur, skakel ons kontaksentrum by 0860 456 789 of besoek ons webtuiste: www.liberty.co.za

## Die belangrikheid van vroeë opsporing

Indien jy vanweë demografie, leefstyl of gene in 'n hoërisiko-kategorie val, is dit belangrik dat jy gereeld vir diabetes getoets word. Deur die siekte vroeg op te spoor en aktiewe stappe te doen om dit te beheer, kan jy 'n lang en gesonde lewe hê. Onbehandeld of onbeheerd kan diabetes egter lei tot ernstige gesondheidsprobleme soos hartsiektes, beroertes, hoë bloeddruk, blindheid, niersiektes en senuweestelsel-kwale. Onbeheerde diabetes kan ook lei tot die verlies van ledemate, aangesien amputasies 10 keer meer algemeen is as by mense wat nie aan die siekte ly nie.
Die goeie nuus is dat, deur diabetes te beheer en die regte behandeling te ontvang, jy 'n gesonde lewe sonder ernstige gesondheidsprobleme kan geniet.

## Vir meer inligting

Vir meer inligting, skakel Diabetes Suid-Afrika by 011 886 3721/3765 of besoek hul webtuiste by www.diabetessa.co.za

*“Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*